

# GEBEDSBRIEF VIR BERG-en-DAL se FEESKWARTAAL

**Esegiël 47**

1 Die man het my teruggeneem na die tempel. Kyk, water het onder die drumpel van
die tempel uitgestroom aan die oostekant. 5 Ja, die water het gestyg – water waarin 'n
mens kon swem, 'n stroom wat nie oorgesteek kon word nie. 6 Hy het vir my gevra:
"Sien jy dit, mensekind?

## Ons Vader,

Die hemel is U troon en die aarde is die voetbank van U voete. Alles wat ons sien is deur U hande gemaak. U is groot en ons is klein en daarom is ons woorde min. Ons bring lof aan U.

Ons staan op die vooraand van 'n feestelike kwartaal vir Berg-en-Dal gemeente. Ons is dankbaar vir alles en almal hier – nou, en almal en alles wat deel was van die afgelope 70 jaar. Ons gebed is dat ons 'n sterk stroom sal wees, van lewende water wat vloei tot seën vir u mensekinders en tot uitbouing van U Koninkryk. Ook bid ons dat wanneer ons feesvier, ons dit met dankbare harte tot eer van U sal doen.

Ons bid vir al die bedienings in ons gemeente wat weer volstoom aan die werk is. Sal U hul werksaamhede tot seën laat wees? Wees asseblief by die leraars en die personeel van Berg-en-Dal. Ons dra hul bediening en die werk wat hulle doen, gesien en ongesiens, aan U op.

Ons het in die wintervakansie die hartseer beleef van mense wat inderhaas hul huis en haard moes agterlaat om na hul lande van herkoms terug te keer. Ons weet dit gaan nie goed met hulle nie omdat hulle net verskuif het na 'n oorvol skuiling by Beitbrug. Ons bid vir helpende hande en finansiële bydraes om die situasie daar te hanteer. Ons vra vir insig en

asseblief wysheid, vir ons regering om die situasie met mense wat 'n heenkome hier kom soek op die regte manier te benader. Ons bid ook vir die lande waarheen hulle terug moet gaan. As dit daar goed gegaan het, sou hulle nie in Suid-Afrika 'n huis kom soek het nie. Wys vir ons hoe om te help.

Ons bid vir die vroue van ons land. Ons ma's, susters en ouma's. Ons dink aan enkellopende vrouens, weduwees, aan hulle wat broodwinners is en huise en kinders bymekaar moet hou. Ons bid ook dat U ons oë sal oopmaak vir onreg teen en uitbuiting van vrouens op baie plekke in ons samelewing.

U opdrag aan ons, toe U die aarde gemaak het, was dat ons dit sal bewoon, bewerk en bewaar. Ons dank U vir boere en boerderygemeenskappe wat sorg dat ons kosmandjies vol bly. Help hulle om volhoubaar te boer, te midde van uitdagings soos veranderende klimaat, droogtes, oorstromings, waterskaarste, dieresiektes en ander rampe. U ken ook die uitdagings wat betref die veiligheid van boere op plase. Hou asseblief U hand oor hulle en help hulle om goeie planne te maak om hulleself en hul families en hul werkers te beveilig. Ons vra asseblief vir reën op die regte tyd.

Wil U asseblief ook met die bejaardes in ons gemeente en gemeenskap wees. Ons weet baie van hulle is soms alleen, met kinders en geliefdes ver. Dit maak hulle afhanklik van ander mense. Maak ons oë oop om hulle raak te sien en vir hulle die "ander" te wees wat sal help. Ons bid en sê dankie vir die instansies en plekke van versorging wat mooi na ons bejaardes omsien. Baie dankie vir die wysheid wat in die grysheid is. Help ons om nie te vergeet dat hulle nog waardevolle bydraes in ons gemeente en ons gemeenskap kan lewer nie.

Wees asseblief met hulle wat siek is en 'n moeilike pad met hul gesondheid het. Wees ook by die mense rondom hulle. Daar was ook lidmate wat die afgelope tyd geliefdes aan die dood afgestaan het. Ons gedagtes is ook by hulle. Dankie dat U die Trooster is wat by ons almal bly.

Die oorloë en gerugte van oorloë wil nie gaan lê nie. Lewensverlies, onmenslikhede en die impak op ekonomieë oor die wêreld is enorm. Help ons asseblief Here, dat leiers tot hulle sinne sal kom. Ons voel soos toeskouers wat hulpeloos toekyk, daarom doen ons wat ons kan Here, naamlik om te bid vir U ingryp.

Laat U wil geskied, Here. Vergewe asseblief dat ons so baie sonde doen. Dankie dat ons op U kan vertrou vir ons daaglikse brood.

**~AMEN~**